# Afrikaanse Protestantse Kerk

***Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie:**
**Ds. JL Schütte**
**e-pos: direkteur@apk.co.za**

25 Februarie 2020

**OMSENDBRIEF 3/2020**

**BESTELLINGS: DIE BOEKWINKEL**

**Aan alle skribas en kolporteurs van gemeentes**

Soos baie van u seker reeds gesien het, is die boeke wat ons by *Die Boekwinkel* verkoop, nou ook aanlyn op ons webtuiste beskikbaar. As u nog nie daarvan weet nie, gaan loer gerus hier: https://apk.co.za/boekwinkel/. Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe toevoeging en wil u vra om hierdie platform aan lidmate bekend te stel deur byvoorbeeld bogenoemde skakel op u gemeente se WhatsApp-groep uit te stuur of op u gemeente se Facebook-blad te plaas.

Ons kry egter heelwat navrae van skribas en kolporteurs oor die bestel van boeke. Hulle wil weet of hulle nou slegs deur middel van die webblad moet bestel en of hulle steeds op die ou manier kan bestel deur ’n e-pos na *Die Boekwinkel* te stuur. Hulle is bang dat hulle hul 10% kolporteursafslag gaan verloor wanneer hulle deur die webblad bestel.

Die goeie nuus is dat elkeen wat as kolporteur by ons geregistreer is, steeds vir kolporteursafslag kwalifiseer en kan voortgaan om op die ou manier te bestel. Die aanlyn-boekwinkel is bloot om ons voetspoor te verbreed en meer lede van die publiek, toegang tot ons boeke te gee. Bestellings deur middel van die webblad, kwalifiseer dus nie vir kolporteursafslag nie.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Met agting en seënwense

**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies en Multimedia**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023